

24 OKTOBER 2021



# TORINGKERK

*nuus*



WYSHEID UIT DIE PLANTERYK  
JASMYN

## EVERYDAY ARTS

THOMAS MOORE

The ordinary arts  
we practice every day  
at home are of more  
importance to the soul  
than their simplicity might suggest.



# KOM IN! ONS DEURE IS WEER OOP OM 09:00!

Ons is baie opgewonde dat ons kerkdeure weer oop kan wees om weer in persoon 'n erediens te kan deel!

Die voordeur en die twee kantdeure sal Sondag oop wees, waar jy dan die COVID protokol kan volg, voor jy jou sitplek inneem.

## **BELANGRIK!**

Onthou dat kerk vanaf Oktober-maand weer **09h00 begin** (en nie 9h30 nie)!



## **NUWE REEKS! WYSHEID UIT DIE PLANTERYK**

Ons begin hierdie week met 'n splinter nuwe 6-weke reeks!

Hierdie reeks handel oor die wysheid wat ons uit die planteryk kan toepas in ons eie lewens.

Vir ons tweede week leer ons by die **Jasmyn** blomme meer oor egtheid.

Ons sal elke week in die Toringkerk Nuusbrieff 'n vooruitsig en 'n paar interessante feite plaas oor die spesifieke plant wat die week behandel word. Ons sien uit vir hierdie 6 weke reis saam as gemeente!

## **KINDERKLEINGROEPE + KRUISCONNECT BEGIN!**

Die tyd het UITEINDELIK aangebreek!

### **Kinderkleingroepe:**

Ons het laas Sondag weer begin! Ons kom almal eers die oggend by die kerk bymekaar en sal dan later oorstap na die Klein Toring Saal. Maak gereed vir 'n baie lekker, opwindende, laaste kwartaal!

### **KruisConnect!**

Ons gaan hierdie week weer aan! Ons kom na die erediens bymekaar (+-10h) en gaan lekker saam kuier in die KruisConnect kamer. Ons sien baie uit om saam te kuier en te gesels!



NUWE



REEKS

# WYSHEID UIT DIE *planterryk*

## ESSENTIËLE OLIES

PLANTE WORD AL VAN DIE BEGIN VAN TYD GEBRUIK VIR GESONDHEID, REUKWATER, EN OM ONS LIGGAME TE VERSORG. VERSKEIE PLANTSOORTE WORD GEBRUIK VIR ESSENTIËLE OLIES EN IN DIE BYBEL IS DAAR MEER AS 500 VERWYSINGS NA ESSENTIËLE OLIES, ASOOK HOE DIT VERMENG MOET WORD VIR SEREMONIËLE EN GESONDHEIDSGEBRUIKE.

## JASMYN

JASMYN WORD BESKOU AS DIE KONING VAN ESSENSIËLE OLIES. JASMYN ONDERGAAN 'N CHEMIESE VERANDERING GEDURENDE SONSONDERGANG DEURDAT DIE AROMA VERSKERP SOOS DIT DONKER WORD. DIT VERHOOG SELFVERTROUE EN IS INSPIREREND.

JASMYN HET 'N VERSKEIDENHEID EIENSKAPPE AS GENEESMIDDEL EN DIEN AS ANTIDEPRESSANT EN ANTI-INFLAMMATORIESE MIDDEL EN HET DIE UNIEKE VERMOË OM TERSELFDETYD TE STIMULEER EN KALMEER. DIE GEUR VAN JASMYN IS ONMISKENBAAR.

**"AUTHENTIC SPIRITUALITY IS ALWAYS ABOUT CHANGING YOU. IT'S NOT ABOUT TRYING TO CHANGE ANYONE ELSE" - RICHARD ROHR**

WEEK 2 | EGTHEID | PSALM 26

## JASMYN

## PLASTIEK DOPPIES

Hou alle plastiek doppies en bring dit kerk toe!

Maak asb jou plastiek doppies bymekaar van nou af tot Desember toe. Ons wil graag weer doppies ingee sodat ons rolstoele geborg kan kry. Bring jou versameling plastiek doppies na die kerkkantoor toe, of kontak vir Janneke.

Ons het aan die einde van 2020 8kg se doppies ingegee. Kom ons kyk of ons dit weer kan doen!



## BORG 'N KOSPAKKIE!

Ons Diep & Vêr projek is nou al meer as 'n jaar oud - waar ons elke maand vir 46 gesinne kan ondersteun deur 'n kospakkie te gee.

### Hoe kan jy betrokke raak?

- Borg 'n kospakkie vir R250 (betaal in by kerk)
- Samel kositems in (laai af by kerk)
- Word deel van die kospakkie-pakkers groep
- Bid vir die gesinne wat hierdie kospakkies ontvang

*Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.*

## KONDENSMEK + VLA

Ons sien so uit om die baie bekende en baie geliefde Basaarpoeding by die Aanlyn MARKietie te bestel!

Ons is wel opsoek na enige bydrae van kondensmelk en vla.

*So indien jy 'n bydrae kan maak of selfs 'n finansiële bydrae kan maak, is jy welkom om vir Annelie by die kantoor te kontak.*



TORINGKERK *my tuiskombuis*

# AANLYN MARKIETIE



**05.11.2021**

BESTELLINGS OPEN: 13 OKTOBER 2021

BESTELLINGS SLUIT: 2 NOVEMBER 2021

VIR BESTELLINGS: BESOEK TORINGKERK WEBTUISTE  
[WWW.TORINGKERK.CO.ZA](http://WWW.TORINGKERK.CO.ZA) | 021 872 6730

GEBEURE OM NA UIT TE SIEN



# Dagboek DIE DATUM



**5**  
NOV. **AANLYN  
MARKIETIE**  
Bestellings sluit 2 Nov.



**20**  
NOV. **NATANIËL**  
Toringkerk | 19:00



**5**  
DES. **POPPEKAS**  
Kom geniet die  
erediens saam as gesin!



**5**  
DES. **KERSSANGDIENS**  
Toringkerk | 19:00

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.  
**BID . SIEN . DEEL**

Kantoor nr. 021 872 6730 | Epos: [info@toringkerk.co.za](mailto:info@toringkerk.co.za)



## GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Ayanke en die Stander-familie** wat nou besig is met haar laaste paar weke van behandeling!
- Ons bid vir **Rina Bester** se gesondheid en herstel.
- Ons bid vir **Manie Bester** met die herstel van sy arm.
- Ons bid vir **Johanna** vir gesondheid en beterskap.
- Ons bid vir **Hannie Jonker** se operasie en beterskap.
- Ons bid vir **Gretchen Klue** vir haar herstel en gesondheid. Ons bid vir volle genesing.
- Ons bid vir **Jahnne Steenkamp** met die herstel na haar operasie.
- Ons bid vir Steyn Hoffman met die herstel na sy operasie.
- Ons bid vir **al ons ouers** wat uitdagings in hierdie tyd ervaar. Ons dink aan julle.
- Ons bid vir die **tieners en jongmense**. Ons is bewus van die uitdagings wat hierdie lewensfase bied, en nog meer so in Covid-tyd. Ons is hier vir julle.
- Ons bid vir die **Paarl Echo Huis** projek en dat dit goed ondersteun sal word.
- Ons bid vir alle **matrieks met die eindeksamen** wat begin het. Ons bid vir rustigheid en helderheid.

***Kontak asb enige van die leraars as ons vir jou kan bid.***

## OPWASMIDDEL

Vir die maand van Oktober samel ons 46 koekies seep (vir badkamer gebruik) in. Hierdie items gaan deel vorm van die Kersfees-kospakkie vir ons Diep & Vêr familie.

### **Ons benodig nog die volgende:**

Seep: Enige hoeveelheid  
Skottelgoedopwasmiddel: 23  
Tandepasta: 2

Jy is welkom om dit by die kerkkantoor af te laai.

***Andersins kan jy vir Hannelie of Janneke kontak vir 'n ander reëling.***



# BAIE GELUK

*met jou verjaarsdag!*

24/10 Lorraine Coetzee

24/10 Mario D'emiljo

24/10 Morné Laubscher

24/10 Adre Maree

24/10 Beatri Viljoen

25/10 Suzanne Burger

25/10 Kyle Ferreira

25/10 Rizaan Maree

25/10 Stephan Steyn

26/10 Corné Burger

26/10 Willem Vermeulen

27/10 Joanne Bollmann

27/10 Johan Mostert

27/10 Hermaine Van der Sluys

27/10 Ian van Zyl

27/10 Ria Weideman

28/10 Carlo Townsend

29/10 Johannes Beyers

30/10 Juandré Marais

30/10 André Mouton

30/10 Jahnne Steenkamp

30/10 Daniel Theron

30/10 Gert van Schalkwyk

30/10 Louis Werth

## GESONDE GEDAGTES

JOYCE MEYER



### EENVOUDIGE, GELOWIGE GEBED - JOYCE MEYER

Ons moet vertrou in eenvoudige, gelowige gebed hê. Ons moet kan vertrou dat selfs as ek sê: 'Here, help my', Hy dit sal hoor en ons sal antwoord. Ons kan op die Here staatmaak om getrou te wees om dit te doen wat ons Hom gevra het om te doen, mits ons versoek in ooreenstemming met sy wil is. Ons is te dikwels so ingestel op ons eie dinge wanneer ons bid, dat ons vergeet van God en sy wil.

Soms verloor ons uit die oog dat gebed eenvoudig net n gesprek met God is. Dit is nie belangrik hoe lank, of hard of welsprekend ons gebed is nie; dit is die opregtheid van ons hart en die vertrou wat ons het dat die Here ons hoor en ons sal antwoord, wat belangrik is. Ons probeer soms so vroom en gesofistikeerd klink dat ons die draad van ons gebed kwytraak. Ons sal baie beter daaraan toe wees as ons daarvan verlos kan word om God te probeer beïndruk met ons gebed.

1 Tessalonisense 5 : 17(Die Boodskap) sê 'Moet nooit moeg word om te bid nie'. of soos die 1933 vertaling dit stel: 'Bid sonder ophou'. As ons nie eenvoudige, gelowige gebed verstaan nie, kan daardie opdrag vir ons n baie swaar las wees. Ons voel dalk dat ons goed doen as ons dertig minute n dag bid; hoe gaan ons dan hoegenaamd kan bid sonder om ooit op te hou? Ons moet soveel vertrou in ons gebedslewe hê, dat gebed vir ons net soos asemhaal word; iets wat ons elke oomblik wat ons lewe, sonder inspanning doen.

Ons sukkel en swoeg nie om asem te haal nie, tensy ons n longsiekte het en ons moet ook nie sukkel en swoeg as ons bid nie. Ek dink nie ons sal hiermee sukkel as ons regtig die krag van eenvoudige, gelowige gebed verstaan nie. Ons moet onthou dat gebed deur die opregtheid daarvan en die geloof daaragter kragtig gemaak word.





24 OKTOBER 2021

# TORINGKERK

## nuus



TORINGKERK ZAPPER



## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176

## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.